# Die twee trompette

## *'n Ewige insetting*

Die betekenis van die twee trompette wat die Here Moses beveel het om te maak (Numeri 10), was tweërlei.

## God praat met Israel

As die seuns van Aaron op die trompette blaas, was dit tyd:
… vir die volk om te vergader (10:3)
... vir die oudstes om byeen te kom (10:4)
... om laer op te breek en verder te trek (10:5-6)
... om gereed te maak om die oorlogsgevaar die hoof te bied (10:9)
... om fees te vier (10:10)
... dat die dank- en brandoffers gebring moes word (10:10)
... dat die nuwe maand aanbreek (10:10).

Israel het in die woestyn geleer om fyn te luister na die geskal van die trompette, want elke fanfare, kort of lank, hard of sag, het sy eie eie betekenis gehad. Hulle hele lewensprogram is deur die geskal van die twee trompette gereël. Daarin het hulle die bevele van God, hulle Leidsman deur die woestyn, gehoor.

## Die volk praat met God

Die tweede betekenis van die trompette in die woestyn was dat die volk daardeur met God gepraat het. Wanneer hulle weerklink het, het God geluister.

> *"Die trompette sal dien om julle in gedagtenis te bring voor die aangesig van die Here julle God"* (Numeri 10:10).

Hierdie trompette was dus ook simbool van die gebed.

## Seremonies op Kersdag in Christus vervul

Die twee trompette het deel van Israel se seremoniële godsdienskultus uitgemaak. Op een of ander manier het al die seremonies van die wet na Christus heengewys. By sy geboorte, sy omwandeling, die kruislyde, opstanding en hemelvaart is die seremoniële silhoeëttekeninge van Christus deur die werklikheid vervang.

- Die eerste betekenis van die trompette – dat God daardeur met sy volk gepraat het – het daarin sy vervulling gevind dat Christus ons hoogste Profeet is wat aan ons die volle Raad van God aangaande ons verlossing kom verkondig het.

- Die tweede betekenis van die trompette – dat die volk so met God gepraat het – het daarin sy vervulling gevind dat Christus ons Enigste Hoëpriester is wat vir ons met sy enige voorbidding gedurigdeur by die Vader intree.

Dit is die sin van Kersfees.

Die seremonies het vir die werklikheid plek gemaak.

Die beloftes het in vervulling gegaan.

Die Woord het vlees geword en onder ons gewoon.

Immanuel — God met ons. Is ons ook met God?

## Trompette en die Nuwejaar

Is ons nie almal lankal besig om die Nuwe jaar, te beplan nie? In ons dagboeke is daar al talle inskrywings. Van maand tot maand, van week tot week, van uur tot uur bereken ons wat om te doen. Kom ons laat ons in ons beplanning biddend deur die Woord en Gees van God lei, soos Israel in die woestyn in al hulle handel en wandel deur die twee trompette gelei is.

> *Here, wat wil U hê dat ons sal doen?*

Dan staan Christus in die sentrum van ons lewensbeplanning. Dan straal die goue glanse van die ewigheid oor elke dag van die nuwe jaar.

## God se uurwerk

In sy groot profetiese rede sê Christus:

> *"Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan"* (Mattheus 24:31).

Die koms van die nuwe jaar sê ook aan ons: God se uurwerk stap onvermydelik aan na daardie uur, wanneer die einde kom.

Maak jou klaar om jou God te ontmoet.

Deur die blou newels van die toekoms sien die geloofsoog in die verte die stad van God verrys, die Nuwe Jerusalem, waar God en Christus in ewigheid by sy volk sal woon.

PW Buys

© 2011
www.christelikebiblioteek.co.za